Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 21 Junie 1950 Prys 3d. No. 31

# DR. VAN RENSBURG HEELWAT BETER — RUSTYD VERLENG

**Prof. D. J. van Rooy, waarnemende K.G., skryf as volg na aanleiding van dr. Van Rensburg se toestand:**

Met blydskap kan vermeld word dat dit met die gesondheidstoestand van ons Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg goed vooruitgaan. Hy verkeer nog onder mediese behandeling en sal seker nog vir geruime tyd hom daaraan moet onderwerp. Sy vordering is egter bo verwagting. Die gevaar is nou dat hy met sy gewone ywer en vuur hom weer te gou in die strydperk sal wil begewe, met miskien ernstige gevolge vir hom en vir die Beweging waarmee hy hom so innig vereenselwig het. Die jarelange stryd wat vir so 'n groot mate op sy skouers neergekom het, het aan 'n sterk gestel bykans bo-menslike eise gestel. Die gevolge daarvan kan nie in een of twee maande afgeskud word nie. Derhalwe het die Uitvoerende Raad dr. Van Rensburg versoek om hom vir 'n jaar rustig te gedra en sodoende sy kragte na liggaam en gees te herwin.

Die O.B. gun hom die rus, al is dit nie heeltemal met onselfsugtige bedoelings nie: ons gaan hom weer inspan; as die nood aan die man kom, nog voor sy verloftyd om is. Vir wat hy tot dusver vir die Ossewabrandwag gedoen en beteken het, betuig ons hom ons dank en hulde. Daarby dink ons ook aan mev. Van Rensburg wat haar eggenoot in sy moeilike taak altyd so getrou bygestaan het en haar saam met hom soveel opofferings moes getroos. Mag sy haar spoedig verheug in sy volkome herstel. Dit is die bede van die hele Ossewabrandwag.

## Manifes Van U.R.

**'n Belangrike aankondiging deur die Uitvoerende Raad van die Ossewabrandwag sal aanstaande week in Die O.B. gepubliseer word.**

# Regeringsparty Erken Dat Empire Europese Eenheid Verhinder

**Hoewel die Britse regering self nog versigtig was om openlik te erken dat Brittanje se weiering om deel te neem aan nouer Europese samewerking deels gegrond is op die bestaan van sy uitgebreide wêreldryk, het die Arbeidersparty se hoofbestuur verlede week 'n verklaring uitgereik waarin hierdie feit onomwonde erken word. Van drie redes wat genoem word vir Brittanje se trae houding, word die bestaan van die Britse Empire as nommer een gestel. Sapa-Reuter se berig hieromtrent lui:**

„Die vernaamste besware van die Britse Arbeidersparty teen voorstelle vir sameskakeling in Europa is:

**1. Dat Brittanje se buitengewone verhouding tot en afhanklikheid van die Statebond en sterlinggebied in aanmerking geneem moet word. 'Die ekonomie van die Statebondslande is vir dié van Brittanje aanvullend tot 'n mate wat nooit deur Wes-Europa geëwenaar kan word nie.'"**

Op 19 April het Die O.B. onder die opskrif „Empire 'n Hindernis vir Europese Samewerking" as volg oor hierdie sake geskryf:

Die beweging van groter Europese en Westerse eenheid in die gemeenskaplike stryd teen die Oosterse Kommunisme, vind vandag 'n lastige struikelblok in die bestaan van die Britse Empire, wat almeer die vorm van 'n internasionale partykoukus teenoor die res van die Westerse lande aanneem. In die besef dat hy op krag van sy Statebond sonder Europa kan klaarkom, is Brittanje baie ongeneë om tot groter Europese samewerking oor te gaan — trouens hy torpedeer daardie eenheid nog steeds met sy aftakelingsbeleid in Duitsland wie se mededinging hy vrees, tot ergenis van 'n groeiende Amerikaanse openbare mening.

### WÊRELDBETEKENIS

**Hierdie ontwikkeling van sake bring mee dat die republikeinse strewe in Suid-Afrika en ander dele van die Britse Ryk, nie meer net 'n huishoudelike saak is nie, maar ook van internasionale belang word. Die houding van die Amerikaanse huis van verteenwoordigers wat hom 'n paar weke gelede by wyse van 'n stemming oor Marshall-hulp aan Brittanje, skerp uitgespreek het teen die Britse verdeling van Ierland is 'n aanduiding van die internasionale steun wat die republikeinse rigting in die toekoms te wagte kan wees.**

Brittanje voel dat hy met behulp van sy statebondslande tot herstel kan kom. Derhalwe voel hy nie die behoefte om in samewerking met ander Europese lande te herstel nie. Terselfdertyd is Brittanje selfsugtig genoeg om die Statebondslande se hulp net vir homself toe te eien — vandaar sy weiering dat die Satebondslande direk met die Europese state konfereer.

### SOORT KOUKUS

Die situasie bly dus gehandhaaf waardeur Brittanje en sy Statebond 'n soort „koukus" is binnekant die raamwerk van die Westerse volke. Westerse eenheid word hierdeur nie bevorder nie en daarom is dit verstaanbaar dat die mening ontstaan in Europa en selfs in die Verenigde State dat die Britse Statebond 'n ouderwetse struikelblok in die pad van Westerse eenheid is.

**Die belangrike betekenis vir die Afrikanervolk van hierdie verwikkeling is dat republikanisme nie alleen 'n nasionale saak van praktiese politiek is nie, maar dat dit ook 'n praktiese kwessie in die internasionale politiek geword het.**

President Truman het die Amerikaanse volk gevra om te bid om vrede wat gegrond is op die Bergpredikasie.

„Nog nooit in die geskiedenis van die land het 'n dienaar van die volk — en dit is wat 'n president is — julle steun en gebede so nodig gehad as die huidige bewoner van die Withuis nie", het president Truman in 'n toespraak in die Lutheraanse Kerk van Augustanan gesê.

## Verkry Meer Ekonomiese Hulp Van Statebond

## Groot Flater

**Die verklaring wat deur die Britse Arbeidersparty se hoofbestuur uitgereik is in verband met Brittanje se weiering om aan Europese eenheid deel te neem, het, volgens berig word, gelei tot een van die grootste rusies in die geskiedenis van die party. Die eerste minister, Clement Attlee, en ander kabinetsministers beskou dit as 'n kolossale flater en die verantwoordelike persone is ten kwaaiste oor die kole gehaal.**

**Benewens die verwysing na die Empire het die verklaring ook die handhawing van sosialistiese beplanning as 'n beswaar genoem.**

# Kommunis Verwys Na Uiteinde Van Mussolini

**In 'n toespraak tydens die debat oor die antikommunistiese wetsontwerp het die Kommunistiese lid, mnr. Sam Kahn, die Minister gewaarsku dat die Nasionaliste nie altyd gevrywaar sal wees van die magte wat hulle skep nie, en toe na die uiteinde van Mussolini verwys wat „onderstebo hel toe gegaan het."**

**Dit is reeds bekend dat diegene wat Mussolini vermoor en sy lyk onderstebo op die markplein opgehang het, Kommuniste was. Suid-Afrikaanse Kommuniste het al meermale na die beskamende verminking van Mussolini se liggaam verwys as 'n voorbeeld van wat nasionale Afrikaners in die toekoms wag. 'n Paar jaar gelede (1 Mei 1945) is in Johannesburg 'n formele mosie deur 'n Kommunistiese vergadering aangeneem wat as volg gelui het:**

**„Ons werkers, gesteun deur ons broers, die Internasionale Kommunistiese werkers van die wêreld, sal Van Rensburg en sy generaals net soos hulle geliefde Mussolini ophang aan die lamppale van Johannesburg, nie net vir een dag nie, maar ons sal hulle droog maak vir aasvoël-biltong, en dan sal hul misleide volgelinge deel in die vrugte van die internasionale werkers se voorspoed."**

# Suid-Rhodesië Wil Net Hot En Haar Annekseer

**Onmiddellike stappe om die inlywing van die noordelike deel van Betsjoeanaland by Suid-Rhodesië te verkry, is verlede week in die Suid-Rhodesiese parlement deur die opposisieleier, Ray Stockil, bepleit. Sy standpunt stem ooreen met dié van die Rhodesiese regering wat reeds in November verlede jaar die Britse regering genader het met die voorstel dat Betsjoeanaland deel moet vorm van 'n nuwe federasie van state in Midde-Afrika.**

Stockil het gesê dat Rhodesië sy grense sal moet uitbrei indien die blanke beskawing in Midde-Afrika gehandhaaf moet bly, en die beste oplossing is dat die twee Rhodesiës met Noord-Betsjoeanaland verenig. Indien die Britse regering nie tot inlywing van die naturellegebied in Noord-Rhodesië wil toestem nie, kan hy dit hou, en moet die blanke deel by Suid-Rhodesië gevoeg word.

Suid-Rhodesië het 'n hawe aan die weskus nodig en ook terwille van strategiese oorwegings is dit nodig dat daardie deel van Betsjoeanaland ingelyf word. Sowel die blankes as nie-blankes van die protektoraat is daarvoor te vinde.

**Die aanspraak het egter nie net by Betsjoeanaland bebly nie. Stockil het aan die hand gedoen dat sodra die Suidwes-vraagstuk deur die wêreldhof „beslis" is (daar is natuurlik geen sprake van beslissing deur die hof nie, slegs van advies—RED.) Rhodesië aansoek moet doen om 'n „wye gedeelte van daardie gebied" sodat die kolonie se westelike grens tot aan die see sal strek.**

In sy antwoord het die eerste minister, sir Godfrey Huggins, gesê dat hy nog altyd koue water op die gedagte gegooi het dat 'n deel van Suidwes as 'n toegang tot die see verkry kan word. **„Sonder nog 'n oorlog wat gunstig vir ons sal wees en ons die geleentheid sal gee om 'n toegang te vat, het ons geen hoop om een te kry nie, hoe sterk ons dit ook al begeer, en dit is nie reg om die volk tot die gedagte te verlei dat so-iets waarskynlik is nie."**

# Moet Sukses Van Ou Beleid Tans Probeer Uitwis

**Op die spoor van die Britse opdrag aan hul besettingsmagte om Duits te leer en 'n vriendskaplike toon teenoor die Duitsers aan te slaan, het nou ook die Amerikaanse besettingspersoneel opdrag ontvang om alle skeidsmure tussen hulle en die Duitsers af te breek en die vriendskapsbande heg te maak. Volgens berig word, is hierdie nuwe beleid 'n uitvloeisel van die „koue oorlog" wat dit vir Amerika noodsaaklik maak om die vriendskap en medewerking van die Duitse bevolking te wen in sy stryd teen Rusland.**

Kort na die oorlog is die strengste opdrag aan Geallieerde troepe gegee om in geen omstandighede met die Duitse bevolking te „verbroeder" nie. Hulle was selfs nie toegelaat om met die Duitsers op straat te praat of in hul huise te gaan nie. Inderdaad is 'n strenge segregasiebeleid ten opsigte van die bevolking gehandhaaf. Afgesien van die vrees dat die besettingsmagte dalk met Nazi-idees besmet kon word, was hierdie beleid ook bedoel om die Duitsers te straf en 'n gevoel van minderwaardigheid by hulle te laat posvat.

**In watter mate daar in hierdie doelstelling geslaag is, is nie meer ter sake nie, behalwe in sover enige mate van sukses eintlik vir Amerika net 'n nadelige balans is wat nou weer afgewerk moet word — nou dat die dwaasheid van hul na-oorlogse beleid ingesien word.**

Daar is nou selfs 'n organisasie gestig om die nodige vermenging te bevorder in die vorm van allerlei Duits-Amerikaanse burgerlike sport- en sosiale klubs. Hoë amptenare moedig die leer van die Duitse taal by hul ondergeskiktes aan en stel self die voorbeeld.

**Dit alles is natuurlik 'n gloeiende onderstreping van die dwase beleid wat sedert 1945 in Duitsland gevolg is.**

## Paarl Verloor 'n Offisier

Die Paarl is geskok deur die plotselinge heengaan op Maandag, 19 Junie, van mnr. Danie Malherbe in die ouderdom van 47 jaar. Hy was een van die oudste en getrouste offisiere van die Ossewabrandwag, wat hy in die hoedanigheid van veldkornet gedien het.

Verlede Saterdagaand het hy nog 'n offisiersvergadering bygewoon.

Hy laat 'n weduwee en drie kinders na.

DIE O.B., WOENSDAG, 21 JUNIE 1950

# EMPIRE 'N GEVAAR VIR EUROPA

Die Britse Arbeidersparty, wat die regering in Brittanje vorm, het verlede week die kat uit die sak gelaat nadat die wêreld 'n paar weke lank aan die gis was oor wat nou presies Brittanje se redes is vir sy weiering om deel te neem aan die Schuman-plan vir die vereniging van Europese swaar nywerhede. Die een beswaar wat genoem word, naamlik in verband met sosialisme, is dan ook vrywel algemeen in die pers aanvaar as die eintlike rede. Die O.B. was die enigste blad wat die vinger ook op die ander beswaar geplaas het, **naamlik dat die Britse Empire in die pad van Europese eenheid staan.** Brittanje sien kans om homself te handhaaf met behulp van sy uitgestrekte ryk, soos sy minister van statebondsbetrekkinge 'n paar weke gelede ook beklemtoon het toe hy verklaar het dat Brittanje se te bowekoming van die dollar-krisis 'n prestasie van die Statebond as geheel is. **„Laat ons nooit vergeet nie dat ons ekonomiese herstel en ons toekomstige welvaart nie net van afgesonderde pogings afhang nie, maar van ons lidmaatskap van die Satebond,"** het hy daaraan toegevoeg.

En nou kom die Britse regerende party en noem in alle openhartigheid as verskoning vir hul weiering om nouer met Europa saam te werk:

**„Dat Brittanje se buitengewone verhouding tot en afhanklikheid van die Statebond en die sterling-gebied in ag geneem moet word."**

**ONNATUURLIK**

Ons het al tevore gewys op die onnatuurlike samestelling van die Britse Ryk — **'n onnatuurlikheid wat aan Suid- en Oos-Afrika een van sy grootste vraagstukke besorg het deur die toestroming van Britse onderdane uit Indië.** En ten spyte hiervan beroem die Britse minister van statebondsbetrekkinge hom daarop dat hierdie samestelling „'n brug tussen Oos en Wes vorm soos die geskiedenis nog nie geken het nie." **Ons wat blywende belange in Afrika het, ken hierdie hooggeroemde „brug" eintlik maar net as 'n brug waaroor Indiër-immigrante hul intog in ons vaderland neem.** Hiermee wil ons beklemtoon hoe vreemd Brittanje staan teenoor die belange van Afrika wat hy slegs maar as 'n stut vir sy ekonomiese en strategiese posisie beskou. Veel meer natuurlik sou dit wees as hy sy belange in sy onmiddellike omgewing soek. Brittanje hoort by Europa en sy taak lê daar — nie hier in Afrika vir wie hy geen liefde koester en vir wie se vraagstukke hy geen begrip het nie.

**En as Brittanje die voortbestaan van die hele Wes-Europa wil saboteer met behulp van sy Empire, word dit al meer die taak van die republikeinse bewegings in die Empire, en veral in Afrika om die Britte tot die besef van hul taak en plig te bring deur opbreking van hierdie kunsmatige sameskoling. Dan word dit veel meer tyd dat Suid-Afrika sy wense onomwonde aan Londen stel as om daar te gaan praat van ons begeerte om lid te wees van die „nouere susterskring" van die Empire, soos ons nuwe hoëkommissaris verlede week in Londen gedoen het.**

En dan word dit ook tyd dat die Unie baie sterker op die voorgrond moet tree ter handhawing van die blanke belange in Afrika as wat hy totnogtoe gedoen het. **Die oorversigtige — ons wil byna sê kruiperige — houding wat die Eerste Minister byvoorbeeld 'n paar maande gelede ingeneem het toe hy geweier het om 'n afvaardiging uit Kenia te ontvang tensy Brittanje sy goedkeuring daaraan heg, moet dan afgeskud word. Ons moet die samewerking soek van ons landgenote in die noorde — nie hulle in die steek laat terwille van die gunsverwerwing van Londen nie.**

# Belangrike Vesting Bly Oor

Die land sal vir 'n groot mate verlig voel nou dat die ontbinding van die Kommunistiese Party voor die deur staan, en daar kan aangeneem word dat die regering geen tyd verlore sal laat gaan om ook die verwante organisasies wat onder meer ook deur die Minister van Justisie in die volksraad genoem is, onwettig te verklaar nie. Die getuienis wat die Minister in die volksraad teen die Kommunistiese Party aan gevoer het, is skokkend nie omdat dit 'n onthulling is nie, maar omdat dit amptelik is. Diegene wat enigsins op hoogte is van Kommunistiese metodes in ander dele van die wêreld en van Kommunistiese geskrifte, het lankal 'n idee gevorm van die gevare in 'n land waar die oorgrote deel van die bevolking nog barbare en dus gerieflike werktuie in die hande van Stalin se meedoënlose agente is. Die gevaar van 'n bloedbad wat Bloukrans tot 'n blote insident sou laat vervaag, het oor ons koppe gehang vanaf die oomblik dat die Sowjet belangstelling in Afrika begin toon het, en daardie gevaar is nog geensins afgewend na aanname van die anti-kommunistiese wetgewing nie. Dit is wel 'n belangrike bydrae tot die stryd.

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**Daar bly nog veel meer oor om op te ruim, en die belangrikste hiervan is die Sowjet-konsulaat. Met die verdwyning van die Kommunistiese Party sal hierdie kanaal van Moskou in betekenis toeneem.** Die Unie het geen handel met Rusland nie en daar is geen Russiese burgers in ons land wie se belange deur diplomatieke verteenwoordigers beskerm hoef te word nie. **Wat dan presies is die taak van die sestien Russe wat die personeel van die konsulaat-generaal uitmaak? Sommige van hulle sal wel skoene poets en vloere vryf, maar volgens die getuienis van Gouzenko het selfs die deurwagter en motorbestuurder van hul gesantskap in Kanada aan die hoof van spioenasiekringe gestaan. Die Sowjet mors geen geld en kragte nie!**

Die oorlog wat die regering die Kommunistiese Party en verwante organisasies aangesê het, moet uitgebrei word tot alle werktuie van Moskou, en die konsulaat is ongetwyfeld die belangrikste werktuig in ons land, **en dit sal in belangrikheid toeneem nou dat alle Kommunistiese bedrywighede ondergronds gedryf word.**

Daar is reeds te lank gewag met die verbanning van die Kommunistiese Party; laat daar nie te lank gesloer word ook met hierdie instrument van Moskou nie.

# Heelwat Bespiegelings In Omloop Op Politieke Gebied

**Verlede week is mnr. J. G. N. (Koos) Strauss formeel benoem tot parlementêre leier van die Verenigde Party. Hy is dus die nuwe leier van die opposisie en hy sal voortaan £2,000 per jaar ontvang om die regering na die beste van sy vermoë teen te staan. Hoewel genl. J. C. Smuts, wat baie ernstig siek lê op sy plaas Doornfontein, by Irene, nog die hoofleier van die Verenigde Party is, en dit onggetwyfeld sal bly tot aan die einde van sy lewe, is die neerlegging van die parlementêre leierskap van sy party terselfdertyd die aankondiging dat Jannie Smuts voortaan nie meer 'n aktiewe rol in Suid-Afrika se openbare lewe gaan speel nie.**

Die optrede van genl. Smuts lui vir sy ondersteuners sowel as vir sy teenstanders 'n periode in van heraanpassing. **Albei se propaganda sal voortaan sonder „Jannie Smuts" moet klaarkom.**

Niemand skyn heeltemal seker te wees oor die mate van sukses waarmee mnr. Strauss sy leierskap gaan handhaaf nie. Mnr. Strauss is nie 'n skouspelagtige figuur nie. Sy loopbaan bevat geen aangrypende hoogtepunte nie en tot dusver is daar geen aanduidings dat hy in die toekoms skitterende hoogtes sal bereik nie. Mnr. Strauss het stadig maar seker geklim tot waar hy vandag gekom het, enersyds deur sy vermoë om baie en hard te werk en andersyds deur 'n gedrae en oordeelkundige lojaliteit teenoor die regte persone. Hoewel dit ongetwyfeld nie eienskappe is wat na die hoogtes lei nie, is dit tog eienskappe waarmee 'n mens jou diep in die partypolitiek kan ingrawe.

Dit moet voorts erken word dat die Strauss-tipe van leier eerder die reël as die uitsondering in ons openbare lewe is. Mnr. Strauss moet derhalwe optree in 'n kring van soortgelykes en gevolglik is dit bes moontlik dat hy daarin sal slaag om homself en sy party met sukses te handhaaf.

Die toets vir mnr. Strauss se leierskap sal heelwaarskynlik gou aanbreek. Sal hy in staat wees om die konserwatiewe en liberalistiese elemente in sy party met mekaar te versoen om sodoende die eenheid van die party te bewaar? Indien hy dit regry sal hy heelparty van sy teenstanders verbaas en waarskynlik 'n klompie van sy vriende verras. **Dit sal beteken dat die bestaande partyverdelings in ons land onaangetas sal bly voortbestaan.** Indien mnr. Strauus nie daarin slaag om die eenheid van sy party te handhaaf nie en daar 'n skeuring in die Verenigde Party ontstaan, open dit die weg vir reoriëntering van partye.

**BESPIEGELINGS**

En omdat hierdie moontlikheid nie uitgesluit is nie word daar vandag reeds allerhande bespiegelings gemaak oor nuwe koalisie-vormings.

Die liberaliste in die Verenigde Party sou dan saam met die Arbeiders en die Naturelle-

**POLITIEK IN OENSKOU DEUR WAARNEMER**

verteenwoordigers 'n nuwe Demokratiese Party stig. Die party sal 'n sterk stedelike inslag hê en dit sal kragtig ondersteun word vanuit die buiteland. Daarenteen sou die konserwatiewe elemente in die Verenigde Party aansluiting soek by die Herenigde en die Afrikanerpartye, sodat 'n nuwe party gebore kan word, — moontlik die Nasionale Party. Hierdie party sal 'n gematigde beleid hê wat nie onaanneemlik sal wees vir die meerderheid van Suid-Afrika se kiesers nie.

In verband met laasgenoemde koalisie-moontlikheid word die naam van mnr. N. C. Havenga, die leier van die Afrikanerparty, openlik genoem as sou hy die „borg" wees vir toetrede.

Ek haal hierdie bespiegelinge aan nie omdat ek dit wil uitstal as voorspellings van die toekoms nie maar eerder omdat ek dit wil openbaar as synde die gedagtes en verwagtinge wat in partypolitieke kringe heers.

Teen hierdie agtergrond word die toespraak gretig afgewag wat mnr. Havenga gaan hou voor die kongres van die Afrikanerparty op 25 Julie in Bloemfontein. **Sal mnr. Havenga se toespraak die sleutel wees tot toekomstige ontwikkelinge?** Ek weet nie. Ek weet egter dat mnr. Havenga 'n nugtere leier is wat hom nie met bespiegelinge nie maar met werklikhede besig hou. **En ek weet dat daar twee uitstaande punte tussen die Afrikanerparty en die Herenigde Party is, wat werklikhede is. Daarom voorspel ek dat mnr. Havenga, onder andere, op sy party se kongres gaan praat oor die kwessie van die H.N.P. se diskriminasie teen lede van die Afrikanerparty en oor sy (mnr. Havenga) se standpunt ten aansien van fundamentele kleurwetgewing.**

**GOEWERNEUR-GENERAALSKAP**

Sedert die gesamentlike verklaring wat dr. Malan en mnr. Havenga ongeveer ses maande gelede uitgereik het oor hul botsende standpunte insake die kleurvraagstuk het daar eers onlangs weers iets plaasgevind wat as aanduiding kan dien van die verhoudings tussen die bondgenootpartye. Dr. D. F. Malan het naamlik die pos van goewerneur-generaal, wat aan die end van die jaar vakant word, vir mnr. Havenga aangebied. Wat is die betekenis daarvan dat dr. Malan 'n poging aangewend het om mnr. Havenga uit die praktiese politiek te lig en hom op die hoë rakke weg te bêre as goewerneur-generaal? Daardeur sou die Afrikanerparty leierloos geword het en bes moontlik verdwyn het. **Die Afrikaners sou die enigste saambinder en vredemaker in hul midde verloor het, en bowendien sou die land die knapste lewende minister van finansies moes ontbeer.**

Mnr. Havenga het in ieder geval die Eerste Minister se aanbod van die hand gewys, en sodoende sy dienste vir die volk beskikbaar gehou. Dit skyn nou vrywel seker te wees dat dr. E. G. Jansen, die Minister van Naturellesake, die volgende goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika gaan wees.

Indien dit gebeur en indien die Eerste Minister sy wetsontwerp om die kabinet met twee ministers te vergroot op die wetboek plaas, sal hy in staat wees om binnekort drie nuwe ministers aan te stel. Dit sal hom eindelik die geleentheid gee om sy belofte aan mnr. Havenga na te kom om 'n addisionele Afrikanerparty-minister in die kabinet op te neem. Ek weet nie op wie die keuse van die Eerste Minister sal val nie, maar as hy 'n liewe en minsame persoon soek, wat eerder die minste sal wees as aanstoot gee, kan ek met vrymoedigheid mnr. Jannie Viljoen, die lid van Vryburg, by hom aanbeveel. Dit is bykans seker dat die ander twee ministers, senator H. F. Verwoerd en mnr. J. J. Serfontein, hoofsweep van die H.N.P., sal wees.

**MUNISIPALITEIT VAN KIRKWOOD**

**VAKATURE: GESONDHEIDS-INSPEKTEUR:**

AANSOEKE word hiermee ingewag om die betrekking as Gesondheidsinspekteur teen 'n salaris van £480 x 20 x £600 (duurtetoeslag ingesluit) per jaar.

Applikante moet 'n blanke Suid-Afrikaner wees en in besit van 'n Gesondheidsinspekteursertifikaat en 'n sertifikaat as Inspekteur van vleis en ander voedsel, en moet eie vervoer verskaf.

Applikante moet volledige besonderhede verstrek aangaande hul ouderdom, staat van huwelik, bevoegdhede en ondervinding. Gewaarmerkte afskrifte van drie onlangse getuigskrifte asook mediese sertifikaat moet aansoek vergesel.

Die suksesvolle applikant sal vir 'n proeftydperk van drie maande diens moet doen, en indien permanent aangestel tot die Raad se assuransie-uitkeringspensioenskema bydra.

Aansoeke gemerk „Gesondheidsinspekteur" moet die ondergetekende bereik voor of op middag, SATERDAG, 15 Julie 1950.

Op las:
B. J. A. Venter.
STADSKLERK.
21/6/1

# Kommuniste Organiseer Naturelle Vir Moord

**'n Geheime organisasie onder die naturelle van wie die lede in sleutelposisies geplaas word en op 'n gegewe tydstip hul aandeel moet neem in 'n Kommunistiese staatsgreep, is verlede week deur die Minister van Justisie na verwys in 'n reeks onthullings omtrent Kommunistiese bedrywighede in die land. Hy het gesê dat hierdie naturelle onder eed staan om watervoorrade te vergiftig, voedsel te vernietig, krag af te sny en mense te vermoor wat die Kommuniste aangemerk het as persone wat in hul pad staan.**

**Die Minister het ook gesê dat die Springbok-Legioen die militêre afdeling van die Kommunistiese Party is.**

Die Kommunistiese Party is omstreeks 1915 hier gestig. Die party propageer Kommunisme openlik en werk binne die raamwerk van internasionale Kommunisme, maar pas hom aan by die besondere toestande in Suid-Afrika.

In 1929 is 'n internasionale Kommunistiese kongres in Europa gehou en bygewoon deur twee Suid-Afrikaanse verteenwoordigers, dr. E. Roux en mnr. S. T. Bunting. **Die kongres het „'n onafhanklike naturelle-republiek" as slagspreuk vir sy bedrywighede in Suid-Afrika gekies.**

Sedertdien werk die S.A. Kommunistiese Party in daardie rigting. In 1934 het hulle 'n pamflet uitgereik waarin 'n massa-organisasiestryd buite die parlement — in die fabrieke, in die strate en op die plase — uiteengesit word met die doel om „die Imperialistiese heerskappy in Suid-Afrika te vernietig" en 'n federasie van naturelle-republieke te stig wat die naturelle-werkers gelyke regte sal gee.

Spr. besit ook 'n skrywe van die Pretoriase-tak van die party van die afgelope jaar waarin melding van die revolusionêre taktiek gemaak word en van die moontlikheid om die Regering „oornag" omver te werp. Daar word die moontlikheid van „magtige revolusionêre gebeurtenisse" in die vooruitsig gestel. „Al wat nodig is, is die begin van 'n algemene staking."

### RUSSIES

**Spr. herinner ook daaraan dat mnr. Sam Kahn wanneer hy vergadering hou, dit doen nie onder 'n Unie-lag of die Union Jack nie, maar onder die Hamer en Sekel.**

Die komitee van 1948 het die volgende slotsom gemaak nadat hy al die dokumente deurgegaan het: „Daar moet beklemtoon word dat die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party 'n ware Kommunistiese Party is, ten nouste verbind met die Sowjet-unie en die internasionale Kommunisme, en dat die lede 'n verdeelde trou het, met hul eerste trou aan die Sowjet-unie."

In 'n notule van 'n vergadering wat die Johannesburgse distrikskomitee van die party in Februarie 1946 gehou het, verskyn die volgende insiggewende sinsnede: **„Mayer, Harmel en Du Plessis sal die konsul spreek oor die sending na Moskou." Dit is duidelik dat die Russiese konsul bedoel word en dat dit oor 'n amptelike sending na Moskou gegaan het.**

Die Kommunistiese Party het nie net openlike nie, maar ook ondergrondse of geheime bedrywighede. Die nie-blankes van die Unie het nie die minste begrip van die ideologieë van die Kommunisme nie, maar die Kommuniste gebruik die toestande om hulle op te sweep teen die blankes en die blanke regering. Dit is hul vrugbaarste arbeidsveld, daar waar hulle op die plase, in die agterbuurtes en tussen die nie-blanke werkers en in die vakbonde optree en dag na dag hul propaganda inpomp.

Daardeur werp hulle die hele vriendskaplike verhouding omver wat in die verlede tussen die blankes en die nie-blankes bestaan het, en vul hulle die nie-blankes met haat teen die blankes.

### VAKBONDE

Daar is doelbewuste indringing in die lewe en wese van die Unie se vakbonde. In die Kommunistiese Party se kantore is 'n lys gevind van die „kamerade in die vakbonde" en dan word 'n lang lys gegee van vakbonde, onder meer dié van handelsreisigers, die joernaliste-vereniging en die vereniging van munisipale werkers waarin hierdie Kommuniste is.

**Binne die Kommunistiese Party is 'n geheime organisasie waarvan die gewone lede nie weet nie. Spr. besit dokumente oor hierdie geheime „militêre afdeling" en die vyf persone daarin, van wie een die sekretaris van die Springbok-Legioen is. Dan is daar die „half-geheime militêre afdeling."**

Met huiwering — omdat hy nie wil hê die mense moet paniekerig word nie — wil spr. ook inligting gee in verband met 'n geheime organisasie onder naturelle onder leiding van die Kommuniste.

**Daardie naturelle word opgelei vir 'n groot staatsgreep op 'n gegewe dag. Hulle word geplaas in strategiese posisies, soos by die watervoorrade kragsentrales, voedselvoorrade, ens. Hulle moet 'n eed aflê dat wanneer die teken gegee word, hulle hul plig sal doen deur byvoorbeeld die watervoorrade te vergiftig, ens.**

'n Ander soort optrede van die Kommuniste is hul misbruike van sekere organisasies. Hulle stig òf 'n organisasie met 'n onskuldige naam en oënskynlik onskuldige doel soos die Freedom of Speech Convention, òf hulle kry beheer oor reeds bestaande organisasies. **Die Springbok-Legion is niks anders as 'n Kommunistiese organisasie nie.**

### MILITÊRE AFDELING

Die leiers van die Friends of the Soviet Union is aktiewe Kommuniste. Die Springbok-Legion het die militêre afdeling van die Kommunistiese Party geword en dit is hulle wat verantwoordelik was vir die onluste ná die oorlog in die Suid-Afrikaanse soldatekamp in Egipte en die aanval op die Nasionale Party-kongres in 1946 in Johannesburg.

In die Unie se universiteite is dosente en studente wat die Kommunistiese leerstellinge versprei. Dit dring deur tot in die naturelle-skole.

In die Gekose Komitee oor die wetsontwerp het geblyk dat die Arbeidersparty daarteen is dat wetgewing teen die Kommunisme ingedien word, en so was ook die naturelleverteenwoordigers.

Die Regeringskant en die Verenigde Party kon net ooreenkom oor die naam van die wetsontwerp. Vir die res was daar meningsverskil.

Kragtens spr. se wetsontwerp kry die staatsgesag die mag om enige organisasie onwettig te verklaar as die organisasie self Kommunisties is, of sy doel dié van Kommunisme is, of sy bedrywighede Kommunisties is of as die organisasie beheer word deur Kommuniste. Wettige vakbonde word egter uitgesluit.

# Dr. Geyer Praat Vreemde Taal In Londen

**„Ons is begerig om met die ander lede van die Statebond saamgeskakel te wees en om onsself nie net te beskou as behorende tot die wye volkerekring van die wêreld nie, maar meer in besonder as behorende tot daardie nouere kring van sustervolke", het die nuwe hoëkommissaris van die Unie, dr. A. L. Geyer, verlede week in Londen gesê by geleentheid van 'n dinee van die Suid-Afrika-klub.**

In 'n poging om te bewys dat die huidige bewind nooit gemene sake met die Nazi's gemaak het nie, het Dr. Geyer gesê:

> **„Gedurende die oorlog het ons 'n Nazi-gesinde organisasie in die Unie gehad. Die man wat hierdie beweging gebreek het, is dr. Malan.** Hy het die beweging veroordeel op 'n tydstip toe die Duitse leërs oor Europa gestroom en alles voor hulle weggevee het." Aldus dr. Geyer.

Na aanleiding van hierdie uitlating skryf die Cape Times dat dr. Geyer se toespraak meer met 'n roetine-partypolitieke praatjie ooreenstem as wat van vorige hoëkommissarisse onthou kan word, en dan neem die blad 'n paar aanhalings uit dr. Malan se vroeëre toesprake waarin hy die parlementêre stelsel verwerp en volmag vir die republikeinse regering vir geruime tyd bepleit het. **Die blad verklaar dat die organisasie waarna dr. Geyer verwys het, klaarblyklik die Ossewabrandwag is. „Dit is die organisasie wat dr. Malan op een tydstip van gesê het dat hy dit tot in die tronk sal vergesel indien die regering 'n haar van sy hoof sou skaad.** Dr. Geyer sou in Londen meer indruk gemaak het indien hy die raad van 'n openhartige vriend van die Nasionaliste, mnr. Pirow, ter harte geneem het. Mnr. Pirow was 'n Nazi-geesdriftige en taamlik kort gelede het hy die Nasionaliste in hierdie voege vermaan:

> „'n Politieke party het die reg om sy koers te verander, maar dit het nog nooit betaal om van sy verlede weg te hardloop nie. Laat die Party (die Malan-party) reguit sê dat hy die demokrasie wou afskaf of hervorm, maar dat wêreldgebeurtenisse hom van plan laat verander het . . . Dit is nie eerlik vir 'n party met die verlede van die H.N.P. om skielik as 'n super-kampvegter vir die demokrasie op te tree nie." Totsover die Cape Times.

**Wat onsself betref, kan ons slegs spyt uitspreek dat 'n Afrikaner in Londen dit nuttig ag om 'n nasionale organisasie verkeerdelik van „Nazisme" te beskuldig terwyl die spreker se eie party steen en been kla oor die beskuldiging van „Nazisme" wat sy teenstanders hom in die buiteland ten laste lê.**

# Paddas Se Hulp Teen Hartkwaal

Die jongste wapens wat tans deur die wetenskap ingewerp word in die stryd teen hartverlamming, is paddas en radio-isotope. Hierdie navorsing word onder die leiding van 'n Suid-Afrikaanse geneesheer aan die Universiteit van Chicago onderneem met 60 tropiese paddas wat met radio-aktiewe voedsel gevoer word, lui 'n artikel in die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde.

Die doel van die proewe is om 'n geneesmiddel te vind wat sinteties berei kan word en hartverlamming sal verlig en verhoed.

Dit is bekend dat hierdie tropiese paddas 'n sekere soort gifstof afskei, bekend as „bufagien," waarvan 'n middel gemaak word, „bufotoksien", wat 'n swak hart versterk.

Die paddas word gevoer met kos wat radio-aktief gemaak is. Ten gevolge hiervan sal die „bufagien" wat hulle afskei, ook radio-aktief wees. Wanneer die radio-aktiewe geneesmiddel wat hiervan gemaak word dan in 'n proefdier ingespuit word wat aan hartverlamming ly, kan die roete van die middel in die gestel van die dier presies bepaal word en kan miskien gesien word hoe en waarom dit die hart stimuleer.

Deur die paddas as 'n „fabriek" vir hierdie radio-aktiewe geneesmiddel te gebruik, mag die ondersoeker uitvind hoe om die middel sinteties te berei en miskien om 'n geneesmiddel te vind wat hartverlamming sal verhoed en verlig.


# Diplomaat Het Gehelp Met Spioenasie

Die Amerikaanse speurdiens het vasgestel dat 'n voormalige Russiese onderkonsul in New York, Anatoli Antonowitz Jakolef, medepligtig was in die uitlewering van atoom-geheime deur 'n sekere Harry Gold wat 'n paar weke gelede in gevolge mededelinge van Klaus Fuchs, die Britse atoom-spioen, in hegtenis geneem is. Gold is deur Jakolef in verbinding gestel met die Russiese spioenasiediens, word verklaar.

Hierdie ontdekking is nog steeds in ooreenstemming met Igor Gouzenko se getuienis dat elke diplomatieke verteenwoordiger van Rusland belas is met spioenasiewerk. In die Unie is sestien Sowjet-verteenwoordigers, ondanks die feit dat ons land geen handel met Rusland het nie.


*SY LEWE WAS OP DIE SPEL . . .*

**'n Operasie was dringend nodig!**



Dit het alles so skielik gebeur—Johan Theunissen het nie eers geweet dat hy siek is nie—ernstig siek—totdat hy in die hospitaal bykom en Nellie en die kinders, bleek en beangs, om die bed sien staan. Sy lewe was in gevaar en daar was net één hoop—'n noodoperasie deur 'n spesialis.

'n Duur operasie! Maar gelukkig sou daar uitkoms wees, want op Johan se Sanlam-polis sou hulle 'n lening—*sonder rente*—kon aangaan, om die onkoste van die operasie en hospitaal te help dek . . . .

**● Hoe sou *U* in so 'n noodgeval vaar? Sou U 'n bron hê waar u gehelp kan raak? Vir u eie ontwil en die van u gesin, vra VANDAG hoedat Sanlam u in tyd van nood kan help.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**
*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar was uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17b, Posbus 660, Kaapstad.**
*Laat my asb. dadelik weet hoe ek rentevrye lenings vir noodoperasies kan aangaan.*

NAAM: ..........................................
ADRES: ..........................................
..........................................

*Beroep:* ................ *Ouderdom volgende Verjaarsdag* ...... C2

*Brief Aan My Partyvriend:*

# SPELERS WISSEL: ROLLE BLY ONVERANDERD

Geagte Vriend,

**Ek het die afgelope week of wat baie aan jou gedink toe ek in die koerante gelees het van die groot stryd wat daar in die parlement plaasgevind het oor die inkorting van toesprake in verband met die Groepsgebiedewetsontwerp.**

Die opposisie het oorgeloop van verontwaardiging oor hierdie „diktatoriale" optrede van die regering, en opposisie-blaaie het die regering verwyt dat hy belangrike wetgewing inhou tot op die laaste nippertjie om dit dan oorhaastig deur te jaag. **Ek het toe gedink aan die dae toe hierdie selfde opposisie in die kussings was en presies dieselfde dinge gedoen het om dieselfde redes, en hoe die huidige regering wat toe in opposisie was, dieselfde verontwaardiging geopenbaar het om dieselfde redes, en ek het gewonder of jy dit ook onthou en of dit jou nie ook vreemd voorkom dat 'n mens so netjies in 'n ander se skoene kan gaan staan en sy rol so op 'n haar naspeel nie. En ek het weereens diep onder die besef gekom hoe die parlementêre stelsel niks ander as 'n spel is nie — 'n toneelspel waarin die rolle af en toe, maar nietemin gereeld, omgeruil word.**

### VALBYL IN 1944

Kom ek lei jou gedagtes so 'n bietjie terug na sê maar 1944. Op 20 Mei van daardie jaar het die waarnemende Eerste Minister, mnr. J. H. Hofmeyr, die valbylvoorstel ingedien vir die wysigingswetsontwerp op nedersettings, dit wil sê voorgestel dat die toesprake oor die wetsontwerp beperk word. Die toenmalige leier van die opposisie, dr. D. F. Malan, het beswaar gemaak en gesê dat die voorstel „hand en tand" beveg sal word. Hy het onder meer gesê: „Daar is in die loop van hierdie sessie, wat 'n taamlike lang sessie tot hiertoe gewees het, 'n baie goeie gees gewees tussen die twee kante van die Huis . . . Hierdie voorstel van die Minister, wanneer die sessie hier ten einde loop, om nou op hierdie stadium te kom en op 'n belangrike wetsontwerp soos dit die valbyl te gaan toepas, **ek sê dit bederf daardie hele goeie verhouding.** Dit kan deur ons niks anders genoem word as behalwe 'n bedekte beskuldiging teen ons van obstruksie. **Hierdie mosie is heeltemal onnodig vir die bespoediging van die werk.** Die gewone Reglement van Orde gee opening genoeg vir die bespoediging van die werk wanneer dit nodig is . . . Hierdie wetsontwerp tas aan sekere beginsels wat nog altyd beskou is as grondbeginsels in die wetgewing van die land. . . **Ek wil net aantoon hoe noodsaaklik dit is dat ons 'n lang en onbeperkte bespreking oor die saak sal hê.** Verder gryp hierdie wetsontwerp diep in iets anders wat net so heilig of nog heiliger is as wat ek hier genoem het, en dit is in die familielewe.

### ONDEMOKRATIES

Deur wetgewing word nou huisgesinne uitmekaar geruk. . . ."

Dr. Malan is ondersteun deur mnr. Naudé, wat onder meer gesê het: **„Wat word van die sogenaamde demokratiese Parlementstelsel as dit die posisie is dat lede van die Volksraad hier moet kom en amendemente voorstel en daar word geen geleentheid gegee om die amendemente te bespreek nie, wat word dan van die Volksraad? Net 'n masjien wat ja en amen moet sê op wat 'n Minister voorstel."**

Dit was die opposisie se verset teen die valbyl in 1944.

### ROLLE OMGERUIL

Nou kom ons by 1950 en die rolle is omgeruil. Die nuwe **Eerste Minister, dr. D. F. Malan,** stel voor dat die valbyl toegepas word op die wetsontwerp op groepsgebiede. **Die waarnemende leier van die opposisie, mnr. J. G. N. Strauss, spring op en** maak beswaar, en sy beweegredes lui onder meer:

„Ek wil aan die begin sê dat ons aan hierdie kant van die Raad uiters vasberade en onherroeplik gekant is teen hierdie ongehoorde stap, en ek sê ongehoorde stap heeltemal opsetlik . . . **Ek wil na die nadele van die valbyl verwys. Die valbyl op 'n belangrike wetsontwerp soos hierdie, plaas die parlement in 'n dwangbuis. Wanneer ons amendemente voorstel, en wanneer die tyd verstreke raak in die komitee-stadium en in die Verslag-stadium, val ons amendemente weg. Dit is nie** die manier om belangrike, moeilike en ingewikkelde wetgewing **van hierdie aard te oorweeg nie.** . . Ten slotte wil ek hierdie punt stel, dat hierdie wetsontwerp van alle wetsontwerpe, nie deur die Parlement op hierdie manier behoort geforseer te word nie. **Hierdie wetsontwerp raak fundamenteel en op lewensbelangrike wyse op 'n uiters ernstige manier die interrasseverhoudings in ons land . . .** Is daar geen gevoel van demokratiese geduld in hierdie Regering? Moet alles geforseer word, alles wat ideologies is, alles vir die politieke masjinerie van hierdie Regering? Nee, mnr. die Speaker, ek doen 'n beroep op die Regering om te besef dat hy hier delikate sake behandel wat die gevoelens van mense in die land raak. . ."

### WAT WORD VAN PARLEMENT

En net soos in 1944, het 'n ondersteuner van die opposisieleier verwys na die gevaar vir die parlementêre stelsel. Hierdie keer was dit dr. Friedman, wat verklaar het:

„Die Minister is geneë om te vergeet dat uit 'n ander oogpunt, dit net so belangrik is om te verhoed dat dit aangeneem word. Die reg om te opponeer moet naarstiglik beskerm word. Die reg om te opponeer is 'n wesenlike en inherente deel van die wetgewende masjinerie. . . As in die begin ons slegs 'n geringe inbreuk op ons regte verdra, sal met die verloop van tyd hierdie inbreuk erger word **en in die end sal die Parlement bloot tot 'n outomatiese toestel verlaag word om die arbitrêre magte van die uitvoerende gesag te registreer."**

### DIE REDE

Hier het jy nou die toneelspel in verband met die valbyl. Jy kan dieselfde rol-verandering bespeur in vraagstukke soos woningtekort, hoë lewenskoste, hospitaaldienste, vleistekort, ens., ens. **Wat die een party 'n paar jaar gelede as opposisie gesê het teen die een wat toe in die regering was, stem byna woordeliks ooreen met wat die ander vandag sê waar hy nou weer in opposisie is en die ander in die regering.**

En waarom is dit so? Omdat, soos mnr. Frank Waring in een van hierdie debatte oor „deurforsering" gesê het: **„Ons is hier as Opposisie. Die Eerste Minister self het verklaar toe hy in die Opposisie was, dat dit die plig van die Opposisie is om te opponeer. Ons is hier om te opponeer."** (Alle aanhalings is uit Hansard).

**Nou, jy sien my vriend, wat 'n man se plig is, is jou plig en jy kan daarby nie verby kom nie, behalwe natuurlik as jy daardie plig afskaf, en ek dink jy behoort na hierdie paar aanhalings in te stem dat hierdie soort plig uiters onsinnig en stuitlik is.** Dat groot mense in alle erns so kan speel met sake wat die volk na die hart sit!

**In die Boere-republieke was daar geen plek en tyd vir sulke soort vervelighede nie. Daar het 'n man in alle erns sy land in die volksraad gedien na die beste van sy oortuiging, en hy kon dit sonder toneelspel doen, want daar was nie 'n „amptelike Opposisie" nie.**

## Boere Maak Verbeterde Dorsmasjien

'n Splinternuwe dorsmasjien met splinternuwe idees en vir Suid-Afrika 'n rewolusionêre ontwerp is deur twee Wes-Transvaalse boere ontwerp en gemaak.

Waar die trekker tot nou toe die dorsmasjien van plek tot plek getrek het en dit met behulp van 'n lang band aangedryf het, het hierdie twee boere die trekker bo-op die masjien ook self ontwerp, gemonteer en vorm trekker sowel as dorsmasjien nou een geheel.

Die twee boere is twee broers van Potchefstroom, mnre. W. M. en M. J. Esterhuizen wat hulle nuwe uitvinding op die Potchefstroomse tentoonstelling vertoon het.

Die masjien sal nie alleen hope tyd bespaar nie, maar sowat driekwart van die arbeid uitskakel wat gewoonlik nodig is by dorsmasjiene.

Die trekker se krag dryf die eenheid wanneer dit van een plek na die ander gaan en ook wanneer gedors word. Dit opsigself is al 'n groot verbetering weens die baie tyd wat gespaar word.

Die masjien kan nou binne enkele sekondes teen die hoop getrek word en enkele sekondes later kan daar gedors word.

### ARBEID

Dit skakel ook baie arbeid uit. Die gewone dorsmasjien het vir die aandra van mielies minstens 20 arbeiders nodig. Nou is slegs vier nodig om die mielies in die bak in te krap. Die ontwerpers sê hul masjien is 'n skepbak in plaas van die gewone voorbak.

Hoogstens agt arbeiders kan daagliks etlike honderde sakke dors.

# AFRIKANERS IS DIE BAANBREKERS IN RHODESIË

Die Volksgenoot skryf as volg oor die Afrikaners in Rhodesië: **Die Afrikaner is by uitstek die baanbreker; dit is in sy bloed om 'n land te beskaaf en mak te maak. Hierdie eienskap het Rhodes opgemerk en daarom het hy Afrikaners uitgenooi om saam met hom na Rhodesië te trek en hulle hier te vestig.**

Daardie selfde eienskap kan 'n mens vandag op plekke soos Nyabira, Darwendale, Banket en Sinoia opmerk. Op Nyabira woon die meeste mense slegs 'n paar jaar en is tydelike, dog netjiese en doeltreffende huise opgerig. Later kom die mooi woonhuis, maar eers wanneer die plaas betaal is. **Net waar 'n mens kom dreun dit van bedrywigheid. Dieselfde geld vir die ander dele wat reeds genoem is. Op Sinoia is dit ook opvallend om tesien hoe die mense, asof hul tyd kort is, werk en woel.** Nuwe plase word gekoop en bewerk; daar word geld ingevorder vir 'n nuwe kerk — elkeen weet wat hy wil en gaan met sy werk aan.

Dwarsdeur Rhodesië is die boere vandag besig om te konsolideer. Baie plaasboere het reeds genoeg grond en verbeter hul plase; bou woonhuise of begin nuwe tabakstasies. Ander weer het nuwe grond gekoop wat bewerk moet word.

So word 'n land makgemaak. So word 'n land vir die nageslag opgebou en beveilig. Daar is nie plek in Rhodesië vir die luiaard en die fortuinsoeker nie. Daar is baie plek vir die man wat wil werk en sy kop wil gebruik.

Vir Rhodesië wat 'n steeds groeiende bevolking het wat gevoed en gekleed moet word, is daar geen beter immigrant as die een wat hom op die platteland vestig en 'n suksesvolle boer is nie. Hy is vir die land goud werd. Wat sou Rhodesië sonder hierdie boere kon doen? Hulle vrees nie vir die eensaamheid nie; hulle deins nie terug van harde werk nie; hulle is nie mense wat klaar geleef het nie, inteendeel die lewenskragtigheid bruis nog deur hulle are.

## VERJAARDAG-KETTING

### JUNIE

14 Henrietta Söhnge, Stellenbosch.
Anna Willemse, Bultfontein.
15 Villicia de Kock, Stellenbosch.
Christiaan Myburgh, Kakamas.
Shirley Rademeyer, Oudtshoorn.
16 Adriaan v. d. Westhuyzen, Kakamas.
Hester Goosen, Wellington.
Anna Booyens, Cedarville.
17 Susanna du Toit, Zeerust.
18 Susanna Kriel, Vryburg.
Hester Botes, Bultfontein.
Francois Jacobs, Vaalwater.
19 Hester Coetzee, Beaufort-Wes.
Luitman Petzer, Stutterheim.
Willem Ootshuizen, Pietersburg.
20 Dirkie Loubser, Malmesbury.
Frederika Bronner, Vryburg.
Cecilia Swart, Kakamas.
Martha Knoezen, Buurmansdrift.
21 Martinus Degenaar, Frankfort.
Baltazer Erasmus, Frankfort.
Maria Slippers, Kakamas.
S. Nortjé, Oudtshoorn.
22 Hester du Toit, Koedoeskop, Tvl.
Adam Viljoen, Luckhoff.
Sophia van Sittert, Aberfeldy, O.V.S.
Neeltjie Sinden, Paarl.
23 Jacobus Pieterse, Paarl.
24 Hybrech Olivier, Troyville, Johannesburg.
Aletta Eksteen, Groot Marico.
25 Johanna Coetzee, Boshoek, Tvl.
Johannes Swanepoel, Beaufort-Wes.
Nicolaas van der Westhuizen, Vryburg.
Johan Nortjé, Oudtshoorn.
26 Clarien Beneke, Afrikaskop.
Ella Fourie, Sutherland.

(Vervolg in vorige kolom)

(Vervolg van volgende kolom)

27 Maria Coetzee, Belgravia, Johannesburg.
Maria du Toit, Zeerust.
Robert Strachen, Middelburg, Tvl.
Maria Retief, Wellington.
Este Maree, Paarl.
Jurgens Nortjé, Oudtshoorn.

## Nuwe Soort Naaimasjien Vervaardig In Unie

Daar sal eersdaags begin word met die oprigting van 'n fabriek aan die Rand vir die vervaardiging van 'n naaimasjien wat deur 'n Johannesburgse ingenieur ontwerp is.

Dit sal die eerste naaimasjien wees wat in Suid-Afrika vervaardig word, en sal die land volgens berekening jaarliks 'n paar honderdduisend pond aan invoer bespaar.

SANTAM

TOT U DIENS!

Die volgende soorte SANTAM-assuransie staan tot u diens:—

- Brandassuransie
- Huisbewoners-assuransie (Brand, Inbraak, Stormskade)
- Inbraak-assuransie
- Motor-assuransie
- Ongevalle- en Siekte-assuransie
- Mied-assuransie; ens.

Vir U BESKERMING

'n SANTAM-Polis!

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-7a

O.B. JAARGANGE

JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.

*VOORRAAD BEPERK*

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

# RUSSE GAAN ATOOMKRAG GEBRUIK VIR ONGEKENDE WATERSKEMA

## *Wil Woestyn Vrugbare Landstreek Maak*

**'n Waterskema wat sy weergawe in omvang en metode nêrens in die wêreld of in die geskiedenis het nie, is in die vorm an 'n sesjaar-plan deur die Russiese regering aangeneem, berig Intelligence Digest in 'n onlangse uitgawe. Die blad verklaar dat die betekenis van die skema daarin lê dat dit vir 'n groot deel afhanklik is van die toepassing van beheerde atoomkrag en in die uitwerking wat dit op die wêreld sal hê deur dat dit die Sowjet se ekonomiese vermoë dermate sal versterk dat dit die ekonomiese posisie van die hele wêreld sal beïnvloed.**

**Die plan staan bekend onder die naam van die ingenieur M. M. Davidoff wat dit ontwerp het en aan die hoof van die onderneming staan.**

Dit berus op die teorie dat twee riviere, die Ob en Irtisj, in prehistoriese tyd 1,000 myl verder suid as tans in mekaar gevloei het en in plaas van noord, soos tans, eers wes en dan suid gevloei en in die Kaspiese see uitgemond het. As gevolg van aardkundige veranderings in die loop van tyd is die Turgai-heuwels uitgestoot sodat hulle 'n onoorbrugbare skeiding teweeggebring het tussen die Wes-Siberiese waterstelsel en dié van die Aral- en Kaspiese-stelsel. Die gevolg hiervan was dat die Aral-Kaspiese gebied van ongeveer 400 miljoen hektare tot 'n woestyn verander is vanwaar uit soms verskroeiende winde oor die vrugbare koringvlaktes van die Don- en Wolgagebiede waai en die oeste vernietig.

### REUSEVERLEGGING

Daar word beweer dat hierdie woestyn in werklikheid vrugbare grond het wat ryk oeste kan lewer as die klimaat net verander kan word. En dit is wat die Davidoff-plan beoog . . . 'n plan wat die Russiese regering binne ses jaar voltooi wil hê. **Die grondslag van hierdie plan is om die loop van die Ob en later van die Jenisei, te verander na suid in die rigting van die Aral-Kaspiese gebied. Dit bring mee dat die Ob teruggevoer moet word oor die Turgai-heuwels, wat 375 voet hoog is, en wel na die Aral-meer wat 90 voet hoër lê as die beoogde keerpunt van die Ob. Om dit te kan doen is Davidoff van voorneme om net benede die huidige samevloeiing van die Ob en Irtisj by Belogorie 'n damwal te bou wat die rivier se vlak hoër as die Aral-meer sal lig. Hierdie wal sal 'n meer skep wat groter is as die helfte van die Swart see vanwaar uit die loop van die Ob sal terugvloei na die Aral-gebied, en wel deur middel van 'n kanaal van 600 myl verby die Turgai-heuwels. Dit sal dan weer in Kaspiese see uitmond soos voorheen.** Hierna sal 'n deel van die waters van die Jenisei-rivier afgekeer word in dieselfde rigting.

### GEVOLGE

Die uitwerking van die skema wanneer hy voltooi is, word beskryf as verbysterd. Dit sal die klimaat van Suidmidde-Rusland verander en die landbou-moontlikhede sal geweldig wees, terwyl groot nywerhede deur reusekragstasies aangedryf sal word. Die diep binnelandse waterweë sal ook van groot militêre betekenis wees.

**Die belangrikste kenmerk van die hele onderneming is egter dat atoomsplitsing gebruik sal word vir die grawing van die Turgai-kanaal. Die presiese metode hoe dit sal geskied, is 'n eersterangse Russiese geheim, en hoewel verdere besonderhede nie verkrygbaar is nie, is daar alle aanduidings dat daar hierdie jaar nog met die plan begin sal word.**

### PROEFNEMING

'n Onlangse atoom-ontploffing waarby Davidoff teenwoordig was, word beskou as 'n proefneming om vas te stel wat die uitwerking van atoomkrag is as dit vir kanaalgrawing aangewend word. Die vernaamste moeilikheid wat bestudeer moet word, is dié van radio-aktiewe strale na die ontploffing. **Die Russe het reeds ver gevorder op die pad om sulke ontploffings te beheer, en hulle probeer nou 'n metode uittoets wat die radio-aktiewe strale sal uitskakel.**

---

# Gewetens Swyg Nou Oor Verbreking Van Nuwe Volkereg

**„As die skynheilige aanklagte in aanmerking geneem word wat teen die Duitse leiers in Neurenberg gemaak is sowel ten opsigte van wat beskryf is as „volksmoord" en „slawe-arbeid" en wat glo 'n nuwe volkereg sou geskep het, sal die wêreldregspraak tot 'n welverdiende veragting verval indien niks gedoen word teen hierdie veel erger en ten volle bewese feite nie," skryf die Britse blad Union met verwysing na die ongeveer twee miljoen Duitsers wat nog in Rusland gevange gehou word en van wie die Sowjet geen rekenskap meer wil gee nie.**

Òf hierdie 1,500,000 Duitsers lê in Katyn-massagrafte oral in Rusland en Siberië as slagoffers van die grootste „volksmoord" in die geskiedenis, òf hulle word die reg ontsê om ooit weer na hul vaderland terug te keer omdat die Sowjet besluit het dat hulle hul droewige lewens in „slawe-arbeid" sal slyt ter verhoging van die Russiese oorlogsvermoë.

„In elke geval is dit 'n skreiende gruweldaad wat die gewete van die hele beskaafde wêreld, wat eens op 'n tyd so gevoelig was vir die geringste onderdrukkingsmaatreëls van die Duitse regering, sal siek maak.

„Indien ons in die oë van die vertrapte Duitsers nie die uiterste skynheiliges wil wees nie, sal ons die een of ander stappe moet doen, soos selfs Vansittart aan die hand doen, om ons walging vir hierdie misdade uit te spreek. Laat ons nie vergeet nie dat in die dae van Engeland se grootheid koningin Elizabeth haar hele hofhouding laat rou het toe sy die Franse gesant ná die slagting van die Hugenote op St. Bartolemeusnag ontvang het. **Brittanje is tog seker in staat tot ten minste 'n gebaar van morele veroordeling dees dae."**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# *Engeland Nie Bestand teen Atoomaanval*

Dit is nie vir Engeland moontlik om hom in 'n voldoende mate teen atoomaanvalle te verdedig nie, skryf prof. P. M. S. Blackett, een van Brittanje se vooraanstaande fisici en atoomwetenskaplikes, in 'n publikasie, „Atom Attack". Dit is uitgegee deur die Association of Scientific Workers.

Dit sou alleen op ekonomiese grondslag onuitvoerbaar wees, het hy gesê. Die koste verbonde aan die nodige passiewe verdedigingsmaatreëls, verspreiding en oprigting van ondergrondse fabrieke en skuilings is ver bokant die ekonomiese moontlikhede van hierdie land wat ekonomies so swaar kry.

Brittanje se vernaamste uitweg is om al sy kragte te gebruik in 'n nuwe poging om internasionale beheer van atoomkrag te verkry, het prof. Blackett bygevoeg.

Ander wetenskaplikes van wie bydraes in die publikasie verskyn, skat dat dit moontlik is om die sterftesyfer in Brittanje tot 50,000 per atoombom te beperk.

Die waterstofbom kan egter twee tot drie maal so dodelik as die atoombom wees, sê hulle.

Hulle meen dat dit vir Brittanje onmoontlik is om te verhoed dat bomwerpers deur sy verdediging breek.

# *Eerbewys Aan Mev. Steyn*

Mev. (pres.) M. T. Steyn is deur die Amerikaanse Moederskomitee aangewys as „Moeder van die Unie van Suid-Afrika" vir 1950 en 'n spesiale eerbewys in die vorm van 'n oorkonde en medalje toegen.

Die Amerikaanse Moederskomitee, wat elke jaar 'n vooraanstaande moeder in Amerika kies weens haar belangstelling in wêreldsake, het vanjaar besluit om ook in elke land wat lid van die V.V.O. is, 'n moeder te kies.

# Operasie Genees Hartkwaal

**Die mediese wetenskap wat in die jongste tyd dermate gevorder het dat operasies aan die hart nie meer 'n onbekende verskynsel is nie, het nog 'n toevoeging op hierdie gebied gemaak deur dat daar nou ook geopereer kan word op harte wat weens rumatiekkoors beskadig is, volgens 'n artikel in die British Medical Journal.**

**Waar hartkleppe deur die siekte beskadig is, het dit geblyk dat in sewe uit nege gevalle waar daar aan die hart geopereer is, die pasiënt volkome herstel het.** Een voorbeeld wat genoem word, is dié van 'n 41-jarige man wat uiteindelik verplig was om kantoorwerk te doen weens sy hart. Vir 'n tyd kon hy per motor na sy kantoor vervoer word, maar uiteindelik was ook hierdie inspanning vir hom te veel en moes hy alle werk opgee. 'n Operasie is toe gedoen en twee maande later kon hy 'n myl ver stap sonder die minste ongerief. Vandag werk hy weer.

Daar word egter verklaar dat die operasies nie op middeljarige mense uitgevoer behoort te word nie, hoewel met meer ondervinding vir sulke mense later ook iets gedoen sal kan word.

---

# Word Blind Na Atoomaanval

Veertig van 2,000 oorlewendes van die atoombom-aanvalle tydens die oorlog in Japan, wat deur 'n kommissie ondersoek is, is besig om blind te word, terwyl nog veertig vermoedelik dieselfde kwaal sal ontwikkel. Daar word verklaar dat dit nog geslagte sal duur voordat die volle uitwerking van die bomme vasgestel sal kan word.

---

# *Lewenskoste Tref S.A. Swaarder*

**Te oordeel na gegewens wat deur die Amerikaanse buro van arbeidstatistieke verstrek is, het die lewenskoste sover dit kruideniersware betref, in Suid-Afrika veel hoër gestyg as in die V.S.A. 'n Aflewering kruideniersware vir die gewone Amerikaanse huisgesin wat in 1939 5 dollar gekos het, kos vandag 9.83 dollar — dit wil sê 'n styging van nog nie heeltemal honderd persent nie. In Suid-Afrika daarenteen was die styging byna 300 persent, soos blyk uit onderstaande tabel:**

| | 1939 | 1950 |
|---|---|---|
| | s. d. | s. d. |
| Tee | 2/4 | 7/1 |
| Koffie | 1/6 | 5/6 |
| Rys | 1½ | 8½ |
| Blikkiesmelk | 6½ | 11 |
| Tafelsout | 9 | 1/6 |
| Peper | 6 | 4/0 |
| Kerse | 4 | 1/3 |
| Toiletseep | 4 | 7½ |
| Steenseep | 5½ | 1/2½ |
| Konfyt (appelkoos) | 9 | 1/9 |
| Ingelegde perske | 10 | 2/0 |
| Blikkiesvleis | 8 | 1/11½ |
| Bone | 4 | 10½ |
| Ertjies | 6 | 1/7 |
| Hawermout | 10 | 1/8 |
| Gedroogde appelkose | 8 | 2/6 |
| Sultanas | 9 | 1/8 |
| Botter | 1/4 | 2/9 |
| Voedselolie | 1/- | 3/9 |
| Kerrie | 1 | 3 |
| Kaas | 1/2 | 2/9 |
| Ham | 1/11 | 2/10 |
| Totaal | 17/8½ | 49/1½ |

Dit beteken 'n styging van byna driemaal die vooroorlogse prys.

# Pakistan Dalk Tegemoet Gekom

**Dit is moontlik dat die regering die toepassing van die wetgewing op groepsgebiede sal vertraag ten einde 'n tafelronde met Pakistan in die loop van die jaar moontlik te maak. Die regering van Pakistan het 'n dergelike versoek aan die Unie gerig.**

Inmiddels probeer die regering nog om Indië ook tot ander insig te bring nadat hy aangekondig het dat hy nie meer te vinde is vir 'n tafelronde nie omdat die wet op groepsgebiede verdere samesprekings oor die Indiërvraagstuk onmoontlik maak.

Sowel die Indiese as Pakistanse regering beweer dat hulle nie deur die Unie-verteenwoordigers vrooër in die jaar ingelig is omtrent die regering se voorgenome wetgewing nie.





ROOK

Kommando

Die Vriendelike Sigaret

GI-3006